- (c) 'n Suid-Afrikaanse burger is.

(2) Die Kommissie moet 'n mentorskapprogram ontwikkel ten einde nuut aangestelde landdroste te lei, waaraan 'n nuut aangestelde landdros moet deelneem.

(3) (a) Voordat 'n nuut aangestelde landdros die werksaamhede van 'n regterlike beampte in 'n geregshof opneem, moet hy of sy 'n kursus bywoon waarvan die inhoud en omvang deur die Raad, of 'n komitee van daardie Raad, bepaal moet word.

(b) Indien 'n landdros tot 'n meer senior landdrosamp aangestel word, kan die Kommissie vereis dat die landdros, voor of nadat die landdros die werksaamhede en verantwoordelikhede van sodanige senior amp opneem, 'n kursus bywoon waarvan die inhoud en omvang deur die Raad of 'n komitee van daardie Raad, bepaal moet word.

(4) Die Minister kan, op aanbeveling van die Kommissie, 'n landdros van die bepalings van subregulasie (3)(a) vrystel.”.

Vervanging van regulasie 4 van die Regulasies

3. Regulasie 4 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

“Aansoek deur kandidate

4. (1) 'n Kandidaat moet skriftelik op 'n vorm van die Kommissie verkry aansoek doen om aanstelling as landdros en dit by die Kommissie indien.

(2) Die aansoek in subregulasie (1) bedoel, moet van die volgende dokumente vergesel gaan:

- (a) 'n Gewaarmerkte afskrif van die kandidaat se identiteitsdokument;
- (b) gewaarmerkte afskrifte van alle opvoedkundige kwalifikasies;
- (c) dienssertifikate of, indien nie beskikbaar nie, 'n beëdigde verklaring deur die kandidaat in verband met vorige dienstydperke;
- (d) getuigskrifte, indien beskikbaar, van vorige werkgewers;
- (e) 'n beëdigde verklaring waarin die kandidaat se bates en laste uiteengesit word; en
- (f) die name en adresse van twee verwysings.

(3) Indien die Kommissie, na behoorlike oorweging van 'n aansoek, van oordeel is dat die kandidaat gepas is vir die amp waarom aansoek gedoen is, moet die Kommissie die dokumente in hierdie regulasie bedoel, vergesel van 'n aanbeveling oor die aanstelling van die kandidaat in die betrokke amp, na die Minister aanstuur.”.

Wysiging van regulasie 54A van die Regulasies

4. Regulasie 54A van die Regulasies word hierby gewysig

- (a) deur die opskrif van Deel XXI deur die volgende opskrif te vervang:

“DEEL XXI: KODE VIR REGTERLIKE GEDRAG VAN LANDDROSTE”; en

- (b) deur regulasie 54A deur die volgende regulasie te vervang:

“**54A.** Die Gedragskode vir Landdroste is die Kode vir Regterlike Gedrag soos vervat in Bylae E tot die Regulasies.”.

Herroeping van Vorm 1 in Bylae A tot die Regulasies

5. Vorm 1 in Bylae A tot die Regulasies word hierby herroep.

Herroeping van Vorm 2 in Bylae A tot die Regulasies

6. Vorm 2 in Bylae A tot die Regulasies word hierby herroep.

Herroeping van Vorm 3 in Bylae A tot die Regulasies

7. Vorm 3 in Bylae A tot die Regulasies word hierby herroep.

Vervanging van Bylae E tot die Regulasies

8. Bylae E tot die Regulasies word hierby deur die volgende Bylae vervang:

“BYLAE E

**KODE VIR REGTERLIKE GEDRAG VAN LANDDROSTE INGEVOLGE ARTIKEL 16(1) VAN
DIE WET OP LANDDROSTE, 1993 (WET NO. 90 VAN 1993) EN REGULASIE 54A VAN DIE
REGULASIES VIR REGTERLIKE BEAMPTES IN DIE LAER HOWE, 1993**

AANHEF

Nademaal—

- (1) die oppergesag van die Grondwet, die reg, en die regte en vryhede in die Handves van Regte verskans, die grondslag is van die demokrasie deur die Grondwet ingestel;
- (2) artikel 165(1) van die Grondwet bepaal dat die regsprekende gesag van die Republiek by die howe berus;
- (3) artikel 165(2) van die Grondwet bepaal dat die howe onafhanklik en onderworpe slegs aan die Grondwet en die reg is, wat hulle sonder vrees, begunstiging of vooroordeel moet toepas;
- (4) artikel 174(8) van die Grondwet bepaal dat voor regterlike amptenare begin om hul funksies te verrig, hulle 'n eed of plegtige verklaring moet aflê ooreenkomstig paragraaf 6(1) van Bylae 2, dat hulle “die Grondwet en die menseregte daarin verskans sal handhaaf

- en beskerm en aan alle persone op gelyke voet reg sal laat geskied, sonder vrees, bevoordeling of vooroordeel, ooreenkomstig die Grondwet en die reg”;
- (5) artikel 180(b) van die Grondwet bepaal dat nasionale wetgewing voorsiening kan maak vir enige aangeleentheid aangaande die regspleging wat nie in die Grondwet mee gehandel word nie, met inbegrip van prosedures vir die hantering van klagtes oor regterlike beamptes;
- (6) die Wet op Landdroste, 1993 (Wet No. 90 van 1993) (hierna die Wet genoem), beoog om die onafhanklikheid van die amp van landdros en die regbank as ’n geheel te handhaaf en te bevorder, terwyl terselfdertyd erken word dat dit nodig is om ’n gepaste en doeltreffende balans te skep tussen die beskerming van die onafhanklikheid en waardigheid van die regbank by die oorweging van klagtes oor, en die moontlike ontheffing uit die amp, van landdroste soos omskryf in artikel 1 van die Wet, en die oorheersende beginsels van openlikheid, deursigtigheid en aanspreeklikheid wat die Grondwet deurdring en wat ewe toepaslik is op regterlike instellings en beamptes;
- (7) dit nodig is vir openbare aanvaarding van die regbank se gesag en integriteit dat die regbank sy grondwetlike verpligtinge nakom deur te voldoen aan algemeen aanvaarde internasionale etiese standaarde, in die besonder soos in die “Bangalore Principles of Judicial Conduct” (2001) uiteengesit soos by Den Haag (2002), hersien; en
- (8) artikel 16(1)(e) van die Wet bepaal dat die Minister, nadat die Landdrostekommissie ’n aanbeveling gedoen het, ’n Kode van Regterlike Gedrag kan aanvaar, wat by regulasie deur die Minister gepromulgeer moet word;

Bepaal die Kode vir Regterlike Gedrag van Landdroste soos volg:—

Artikel 1: Woordomskrywing

In hierdie Kode, tensy uit die samehang anders blyk, het enige woord of uitdrukking of woord waaraan ’n betekenis in die Wet toegeskryf is, daardie betekenis en beteken—

“hoof van die betrokke hof”—

- (a) in die geval van ’n distrikslanddros, die landdros aan die hoof van die tersaaklike hof; en
(b) in die geval van ’n streeklanddros, die president van die streekshof; en

“die Regulasies” die Regulasies vir Geregtelike Beamptes in die Laer Howe, 1993.

Artikel 2: Toepassing

- (1) Hierdie Kode is van toepassing op elke landdros wat onder die omskrywing van "landdros" in artikel 1 van die Wet val, met inbegrip van 'n waarnemende landdros.
- (2) Enige opsetlike of growwe nalatige verbreking van hierdie Kode is gronde vir 'n klagte teen 'n landdros.
- (3) Klagtes moet ooreenkomstig die Regulasies mee gehandel word.

Artikel 3: Oogmerke en Uitleg

- (1) Die oogmerk van hierdie Kode is om elke landdros by te staan in die hantering van etiese en professionele kwessies, en om die publiek in te lig oor die regterlike etos van die Republiek.
- (2) Hierdie Kode moet—
 - (a) toegepas word bestaanbaar met die Grondwet en die reg soos in die gemenerereg, wetgewing, en presedent, met behoorlike inagneming van die tersaaklike omstandighede, beliggaam;
 - (b) nie uitgelê word dat dit inbreuk maak op die grondwetlik gewaarborgde onafhanklikheid van die regbank of enige landdros of op die skeiding van magte nie;
 - (c) nie uitgelê word as absoluut, eksak of omvattend nie. Gedrag kan dus oneties wees wat, by 'n streng lees van hierdie Kode, skynbaar toegelaat word en die teenoorgestelde geld ook.
- (3) Alhoewel internasionale standaarde en standaarde van toepassing in vergelykbare vreemde jurisdiksies moontlik nie direk toegepas kan word nie, voorsien dit wel 'n nuttige verwysingsbron vir die uitleg, begrip en toepassing van hierdie Kode.
- (4) Notas by artikels van hierdie Kode is ter toeligting, verduideliking en leiding ten opsigte van die doel en betekenis van die Artikels.

Artikel 4: Regterlike onafhanklikheid

'n Landdros moet—

- (a) die onafhanklikheid en integriteit van die regbank en die gesag van die howe handhaaf;
- (b) onafhanklike denke tydens die verrigting van regterlike pligte handhaaf;
- (c) alle redelike stappe doen om te verseker dat geen persoon of staatsorgaan met die funksionering van die howe inmeng nie; en
- (d) nie enige spesiale guns of vrystelling van enige persoon, die Uitvoerende Gesag of enige belangegroep versoek of aanvaar nie.

Notas:

Nota 4(i): 'n Landdros tree vreesloos en volgens sy of haar gewete op omdat 'n landdros slegs aan die reg verantwoordbaar is.

Nota 4(ii): Landdroste slaan geen ag op politieke partye of drukgroepe nie en verrig alle professionele pligte vry van invloede van buite.

Nota 4(iii): Landdroste verskyn nie by openbare verhore nie en pleeg nie andersins oorleg met 'n uitvoerende gesag of wetgewende liggaam of beamppte nie, behalwe oor aangeleenthede aangaande die reg, die regstelsel of die regspleging.

Nota 4(iv): Regterlike onafhanklikheid is nie 'n private reg of 'n beginsel tot voordeel van landdroste as individue nie. Dit beteken vryheid van gewete vir landdroste en nie-inmenging in die verrigting van hul besluitneming. Dit regverdig nie regterlike wangedrag nie en is nie 'n verskoning vir versuim om regterlike werksaamhede met behoorlike sorg te verrig of om andersins in stryd met hierdie Kode op te tree nie.

Nota 4(v): Staatsorgane het 'n grondwetlike opdrag om die howe by te staan en te beskerm om hul onafhanklikheid, onpartydigheid, waardigheid, toeganklikheid en doeltreffendheid te verseker. Die korrelaat is die reg van elke landdros om nie sy of haar onafhanklike denke deur enige persoon of staatsorgaan te laat versteur nie.

Artikel 5: Om eerbaar op te tree

(1) 'n Landdros moet altyd, en nie net by die verrigting van amptelike pligte nie, eerbaar en op 'n wyse wat die regterlike amp betaam, handel.

(2) Alle aktiwiteite van 'n landdros moet bestaanbaar met die status van die regterlike amp wees.

Notas:

Nota 5(i): 'n Landdros tree in sy of haar professionele en private lewe op 'n wyse op wat die publiek se vertroue in, of respek vir, die regbank en die regstelsel verhoog.

Nota 5(ii): 'n Landdros vermy onbehoorlikheid en skynbare onbehoorlikheid in alle aktiwiteite van die landdros.

Nota 5(iii): 'n Landdros begeef hom of haar nie in gedrag wat nadelig vir die doeltreffende en pront pleging van die sake van die hof is nie.

Nota 5(iv): Regterlike gedrag moet objektief uit die oogpunt van 'n redelike persoon geassesseer word.

Artikel 6: Voldoening aan die reg

'n Landdros moet te alle tye, ook in verband met buiteregtelike gedrag, aan die reg van die land voldoen.

Artikel 7: Gelykheid

'n Landdros moet te alle tye—

- (a) opmerkings wat rassisties, seksisties is of andersins diskriminasie toon wat 'n skending is van die reg op gelykheid in die Grondwet gewaarborg, persoonlik vermy en sigself daarvan distansieer;
- (b) in die hof en in kamers hoflik optree en andere se waardigheid respekteer;
- (c) in die voer van geregtelike verrigtinge, spesiale aandag skenk aan die reg op gelykheid voor die reg en die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg; en
- (d) in die verrigting van regterlike pligte sigself van bevooroordeeldheid en partydigheid weerhou.

Notas:

Nota 7(i): Hierdie bepalings is daarop gemik om hoflikheid te bevorder en 'n mate van fatsoenlikheid te verseker.

Nota 7(ii): Landdroste streef daarna om bewus te wees van die vele verskille tussen persone en om dit te verstaan en om ingelig te bly oor veranderende sosiale houdings en waardes.

Nota 7(iii): Die multikulturele aard van die Suid-Afrikaanse samelewing verg spesiale sensitiwiteit teenoor die opvattinge en gevoelens van almal wat deur hofverrigtinge geraak word.

Artikel 8: Deursigtigheid

'n Landdros moet—

- (a) redelike stappe doen om die toeganklikheid van die howe te versterk en om openbare begrip van geregtelike verrigtinge te verbeter; en
- (b) tensy spesiale omstandighede iets anders verg, in die ope hof—
 - (i) geregtelike verrigtinge voer; en
 - (ii) sy of haar beslissings en stawende redes bekend maak.

Notas:

Nota 8(i): Die legitimiteit van die regbank is afhanklik van die openbare begrip van, en vertroue in, die regterlike proses.

Nota 8(ii): Die funksie van die regbank misluk indien die verrigtinge daarvan nie verstaan word nie.

Nota 8(iii): Landdroste is bewus van die wenslikheid daarvan om aan die gees van die vereiste dat verrigtinge in die ope hof moet plaasvind, te voldoen.

Nota 8(iv): Besprekings met landdroste in kamers moet vermy word. Indien wat in kamers gebeur het, enige uitwerking op die verrigtinge het, moet daardie feite in die ope hof op rekord geplaas word.

Artikel 9: Regverdige verhoor

'n Landdros moet—

- (a) geskille besleg deur feitebevindings te maak en die toepaslike reg in 'n regverdige verhoor toe te pas, met inbegrip van die plig om—
 - (i) die letter en gees van die *audi alteram partem*-reël te handhaaf;
 - (ii) sigbaar onpartydig te bly; en
 - (iii) genoegsame redes vir enige besluit te gee;
- (b) by die voer van geregtelike verrigtinge—
 - (i) orde handhaaf;
 - (ii) ooreenkomstig algemeen aanvaarde fatsoenlikheid optree; en
 - (iii) geduldig en hoflik teenoor regspraktisyns, partye en die publiek bly, en van hulle vereis om ook so op te tree;
- (c) geregtelike verrigtinge bestuur op so 'n wyse wat—

- (i) die afhandeling daarvan so koste-doeltreffend as moontlik bespoedig; en
 - (ii) nie die verantwoordelikheid om 'n aangeleentheid aan te hoor en daaroor te beslis na 'n ander landdros verskuif nie;
- (d) nie onbehoorlike invloed uitoefen ten einde 'n skikking te bevorder of 'n toegewing van enige party te kry nie.

Artikel 10: Noulettendheid

- (1) 'n Landdros moet —
- (a) alle regterlike pligte aan hom of haar toegewys, noulettend verrig;
 - (b) die betrokke aangeleentheid deeglik ondersoek;
 - (c) die sake van die hof sonder oponthoud en op 'n doeltreffende en saaklike wyse afhandel;
 - (d) spoedig en sonder onnodige oponthoud in 'n saak uitspraak lewer;
 - (e) nie gedrag openbaar wat nadelig vir die doeltreffende en spoedige regspleging of die sake van die hof is nie;
 - (f) in kamers wees tydens normale kantoorure en in die hof wees tydens normale hofure tensy sodanige teenwoordigheid nie redelik vereis word ten einde enige amptelike pligte te verrig nie;
 - (g) amptelike pligte behoorlik, betyds, en op 'n ordelike manier verrig;
 - (h) die administratiewe versoeke van die betrokke hoof van die hof respekteer en daaraan voldoen;
 - (i) redelike stappe doen om die nodige vlak van professionele bevoegdheid in die reg te handhaaf; en
 - (j) by bedanking, aftrede, of die verstryking van 'n waarnemende aanstelling, alle gedeeltelik verhoorde sake afhandel en alle voorbehoude uitsprake so gou as moontlik lewer.
- (2) By die uitvoering van die regterlike amp, moet 'n landdros voldoen aan die norme en standaarde ingevolge artikel 8 van die Wet op Hoër Howe, 2013, deur die Hoofregter bepaal.

Notas:

Nota 10(i): Onnodige uitstelle, puntstelling, oordrewe formaliteit en diesulke moet vermy word.

Nota 10(ii): Gedingvoerders is geregtig op uitspraak so gou as redelik moontlik.

Nota 10(iii): Straftelike verrigtinge, veral outomatiese hersienings, aansoeke om verlof om te appelleer, en aangeleenthede waar persoonlike vryheid ter sprake is, moet spoedig hanteer word.

Nota 10(iv): 'n Landdros hou 'n rekord van alle uitstaande uitsprake en doen verslag aan die hoof van die betrokke hof daaroor indien en wanneer versoek.

Nota 10(v): 'n Patroon van onbeheersde of intimiderende behandeling van prokureurs en andere, of van gedrag wat wispelturigheid en belediging aan die dag lê, is nadelig vir doeltreffende regspleging en moet vermy word.

Artikel 11: Selfbeheersing

- (1) 'n Landdros moet—
 - (a) behalwe in die vervulling van die regterlike amp, nie in die openbaar kommentaar lewer oor die meriete van enige saak hangende voor, of beslis deur, daardie landdros of enige ander hof nie;
 - (b) nie by 'n openbare debat betrokke raak oor 'n saak nie, ongeag die kritiek teen die landdros, die uitspraak, of enige ander aspek van die saak;
 - (c) sigself weerhou van enige handeling wat vertolk kan word as dat dit bedoel is om regmatige kritiek teenoor daardie of enige ander landdros te onderdruk;
 - (d) inligting wat in 'n regterlike hoedanigheid verkry is en wat nie openbaar is nie, bekend maak of gebruik vir enige doel wat nie met sy of haar regterlike pligte verband hou nie;
 - (e) enige persoonlikheidskwessies met kollegas, prokureurs en partye vermy en poog om kollegialiteit te bevorder; en
 - (f) tensy dit tersake is by geregtelike verrigtinge voor die betrokke landdros, of 'n vakkundige voorlegging is wat gemaak word met die doel om die regstudie te bevorder, sigself weerhou van openbare kritiek teen 'n ander landdros of tak van die regbank.
- (2) 'n Landdros kan aan openbare debat oor aangeleenthede wat verband hou met regsonderwerpe of die regspleging deelneem, maar druk nie menings uit op 'n wyse wat die stand en integriteit van die regbank kan ondergrawe nie.
- (3) Formele beraadslagings asook private raadplegings en debatte tussen landdroste is vertroulik en moet vertroulik bly.

Notas:

Nota 11(i): Indien dit nodig is om op 'n uitspraak kommentaar te lewer, moet die hoof van die hof die aangeleentheid hanteer op 'n wyse wat die integriteit van die regbank as 'n geheel sal handhaaf. Indien die hoof van die hof nie die aangeleentheid hanteer nie, kan die betrokke landdros, onder spesiale omstandighede, 'n beredeneerde en waardige verklaring uitreik, verkieslik in ope hof of deur die griffier of klerk van die hof, om die aangeleentheid uit te klaar. Hierdie bepalings verbied nie akademiese debat van die regskwessies wat in 'n saak na vore gekom het nie.

Nota 11(ii): Private raadplegings en debatte tussen landdroste is nodig vir die regbank om sy funksies te verrig. Hierdie geleenthede mag egter nie gebruik word om 'n landdros te beïnvloed oor hoe 'n sekere saak beslis moet word nie.

Nota 11(iii): Persoonlike kritiek moet vermy word tensy dit deur die loop van geregtelike verrigtinge nodig word.

Nota 11(iv): Hoflikheid en kollegialiteit teenoor kollegas is onontbeerlike eienskappe vir 'n landdros.

Artikel 12: Assosiasie

- (1) 'n Landdros moet nie —
 - (a) 'n amp in enige politieke party beklee of aan enige geheime organisasie behoort nie;
 - (b) by enige politieke polemiek of aktiwiteit betrokke raak nie;
 - (c) aan enige aktiwiteite deelneem wat diskriminasie, in stryd met die Grondwet, aan die dag lê nie; en
 - (d) die aansien van die regterlike amp gebruik om die private belange van die landdros of andere te bevorder nie.
- (2) 'n Landdros wat voorheen in die private praktyk was moet, by permanente aanstelling, onmiddellik alle professionele bande verbreek en spoedig alle gelde en ander uitstaande bedrae invorder, en sy of haar persoonlike sake organiseer om die potensiaal vir botsings van belange tot 'n minimum te beperk.
- (3) 'n Landdros wat voorheen in die private praktyk was, moet nie sit in enige saak waarin hy of sy, of sy of haar voormalige firma, betrokke is of was voor die landdros se aanstelling nie, totdat alle verpligtinge tussen die landdros en die firma afgehandel is.
- (4) 'n Waarnemende landdros wat 'n praktiserende prokureur of advokaat is—

- (a) sit nie voor in enige saak waarin hy of sy of sy of haar firma betrokke is of was as prokureur of advokaat van rekord of in enige ander hoedanigheid nie;
- (b) mag nie 'n kliënt in 'n hof verteenwoordig vir die duur van sy of haar waarnemende aanstelling nie; en
- (c) mag nie tydens amptelike ure betrokke wees in die besigheid van sy of haar praktyk nie.

Notas:

Nota 12(i): Sosiale assosiasies, met inbegrip van assosiasie met lede van die regsprofessie moet sodanig wees dat dit nie die indruk van partydigheid skep nie of die ander party in staat stel om van die verhouding misbruik te maak nie.

Nota 12(ii): 'n Landdros mag nie enige spesiale guns of vrystelling van potensiële gedingvoerder of lede van die regsprofessie vra of ontvang nie en 'n landdros mag ook nie die amp gebruik vir die verkryging van persoonlike voordeel nie.

Artikel 13: Onttrekking

'n Landdros moet sigself aan 'n saak onttrek indien daar 'n—

- (a) werklike of redelik waargenome botsing van belange is; of
- (b) redelike verdenking bestaan van bevooroordeeldheid gegrond op objektiewe feite, en moet sigself nie op geringe gronde onttrek nie.

Notas:

Nota 13(i): Onttrekking is 'n aangeleentheid wat deur die grondwetlike vereiste vir 'n billike verhoor, die gemenereg en presedenterereg gereël word.

Nota 13(ii): 'n Landdros hoor sake aan hom of haar toegewys aan en lewer uitspraak daaroor, tensy hy of sy daarvan gediskwalifiseer is. Sensitiwiteit, teensinnigheid oor die gedingvoering of misnoeë met die voorstel dat hy of sy sigself moet onttrek, is nie gronde vir onttrekking nie.

Nota 13(iii): 'n Landdros se uitspraak oor 'n aansoek om onttrekking en die redes vir die uitspraak moet in die ope hof gestel word. 'n Landdros moet, tensy daar buitengewone omstandighede is, redes vir die beslissing gee.

Nota 13(iv): Indien 'n landdros van oordeel is dat daar geen gronde vir onttrekking is nie, maar meen dat daar feite is wat, indien dit aan 'n party bekend is, tot 'n aansoek om onttrekking kan lei, moet daardie feite betyds aan die partye bekend gemaak word en die partye moet voldoende tyd gegee word om die aangeleentheid te oorweeg.

Nota 13(v): Hetsy 'n landdros sigself moet onttrek is 'n aangeleentheid wat deur die betrokke landdros besluit moet word en 'n landdros moet sigself nie aan die opinie van die partye of hul regsverteenwoordigers onderwerp nie.

Artikel 14: Buitegeregtelike aktiwiteite van landdroste

(1) 'n Landdros se regterlike pligte het voorkeur bo alle ander pligte en aktiwiteite, hetsy statutêr of andersins.

(2) 'n Landdros mag by buitegeregtelike aktiwiteite betrokke wees, met inbegrip van dié beliggaam in hul regte as burgers, indien sodanige aktiwiteite—

- (a) nie onbestaanbaar met die vertroue in, of onpartydigheid of die onafhanklikheid van die landdros, is nie; of
- (b) nie die landdros se beskikbaarheid raak, of gesien word sy of haar beskikbaarheid te raak, om sy of haar regterlike verpligtinge aandagtig en binne 'n redelike tyd te hanteer nie.

(3) 'n Landdros moet nie —

- (a) enige aanstelling aanvaar wat strydig is met of waarskynlik gesien kan word as strydig met 'n onafhanklike regbank nie, of wat die skeiding van magte of die status van die regbank kan ondergrawe nie;
- (b) as 'n advokaat, prokureur, of regsadviseur optree nie, maar kan, in sy of haar persoonlike hoedanigheid, sonder vergoeding, informele regsadvies aan familieleden, vriende, liefdadigheidsorganisasies en diesulke gee;
- (c) betrokke raak nie by enige onderneming, besigheid, fondsinsameling of ander aktiwiteit wat die status, onafhanklikheid of onpartydigheid van die landdros raak nie of strydig met die regterlike amp is nie;
- (d) by finansiële en sakebedrywighede betrokke raak wat redelik gesien kan word as dat dit die landdros se regterlike posisie uitbuit of strydig met die regterlike amp is;
- (e) as 'n private arbitreerder sit nie.

(4) 'n Landdros mag—

- (a) as 'n trustee van 'n familietrust of openbare weldaadstrust optree, maar is nie geregtig op enige vergoeding vir sodanige dienste nie;

- (b) 'n direkteur van 'n private familiemaatskappy of lid van 'n beslote korporasie wees, maar as die maatskappy of beslote korporasie besigheid doen, mag die landdros nie 'n uitvoerende funksie verrig nie; en
- (c) 'n direkteur van 'n maatskappy sonder winsbejag wees .

Notas:

Nota 14(i): 'n Landdros moet buiteregterlike aktiwiteite op 'n wyse voer wat die risiko van botsing met regterlike verpligtinge beperk. Hierdie aktiwiteite mag nie inbreuk maak op die landdros se beskikbaarheid om enige regterlike verpligtinge te verrig nie.

Nota 14(ii): Terwyl landdroste beskikbaar moet wees om hul regterlike vaardighede en onpartydigheid te gebruik om die openbare belang te bevorder, moet hulle die skeiding van magte en die onafhanklikheid van die regbank respekteer wanneer hulle 'n versoek oorweeg om nieregterlike werksaamhede vir of namens die staat te verrig, of wanneer sodanige funksie verrig word.

Nota 14(iii): Sake of finansiële besigheid met lede van die regsberoep moet vermy word.

Nota 14(iv): Diens op universiteitsrade of beheerliggame of kuratoriums van welsynsorganisasies en diesulke is aanvaarbaar.

Nota 14(v): 'n Landdros moet sigself daarvan weerhou om amptelike hulpbronne te gebruik wanneer hy of sy private aangeleenthede hanteer wat nie met die verrigting van sy of haar regterlike of enige ander amptelike funksies verband hou nie.

Artikel 15: Buiteregterlike inkomste

- (1) Ingevolge artikel 15 van die Wet, mag 'n landdros nie sonder die toestemming van die Minister enige betaalde werk buite sy of haar ampspligte verrig nie.
- (2) 'n Landdros moet nie—
 - (a) enige inkomste of vergoeding ontvang wat onbestaanbaar met die regterlike amp is nie;
 - (b) regstreeks of onregstreeks besoldiging, geskenke, voordele of voorregte onderhandel of aanvaar wat onbestaanbaar met die regterlike amp is of wat redelik beskou kan word as dat dit bedoel is om die landdros in die verrigting van sy of haar regterlike pligte te beïnvloed, of om as 'n beloning vir die verrigting van daardie pligte te dien nie; en

- (c) enige ander winsgewende pos aanvaar, hou of verrig, of ten opsigte van enige diens enige fooie, verdienste of ander besoldiging ontvang nie behalwe die salaris en toelaes in 'n regterlike hoedanigheid aan die landdros betaalbaar.

Artikel 16: Aanmelding van onvanpaste gedrag

- (1) 'n Landdros met duidelike en betroubare bewyse van ernstige professionele wangedrag of growwe onbevoegdheid aan die kant van 'n regspraktisyn of staatsaanklaer, moet die tersaaklike professionele liggaam of 'n Direkteur van Openbare Vervolging inlig oor sodanige wangedrag of professionele onbevoegdheid.
- (2) Voordat 'n landdros ongunstig kommentaar lewer oor die gedrag van 'n bepaalde praktisyn of aanklaer in 'n uitspraak, moet die landdros, waar moontlik, daardie persoon 'n geleentheid gun om op die bewering te reageer.
- (3) 'n Landdros wat redelik glo dat 'n kollega op 'n manier opgetree het wat onvanpas is vir die regterlike amp, moet die aangeleentheid met daardie kollega of die hoof van die betrokke hof opneem.

Notas:

Nota 16(i): Die verwysing na die gepaste owerheid moet op 'n neutrale wyse gedoen word en mag nie veroordelend wees nie."

Inwerkingtreding

9. Hierdie Regulasies tree op die datum van publikasie van hierdie Kennisgewing in werking.